Publication: BURGER (Suid Kaap)
Date: 2015-08-31
Page: 11



**Diversiteit by die Universiteit Stellenbosch (US) is 'n absolute voorvereiste vir uitnemendheid, sê prof. Wim de Villiers.** Foto: ANTON JORDAAN

# Gemaksones moet agtergelaat word

**Kommentaar**
Wim de Villiers



Die *Luister*-video wat onlangs op YouTube geplaas is, het baie belangrike kwessies oor transformasie aan die Universiteit Stellenbosch (US) uitgelig.

Dit het my uiters ongemaklik gemaak, want dit is nie lekker om te weet dat sommige van my studente negatiewe belewenisse het en swaarkry nie.

Ek gaan nie die onregverdigbare probeer verdedig nie. Rassisme, diskriminasie, menseregteskendings, uitsluitings, marginalisering – hierdie dinge is alles verkeerd, uit en gedaan. Behalwe dat dit wat verkeerd is, reggestel moet word. Ons werk daaraan, en die US is al lank besig met verandering, maar dit beteken nie ons het al genoeg gedoen nie.

Transformasie bly 'n prioriteit – omdat dit die regte ding is om te doen, nie omdat daar vanjaar druk op universiteite landwyd is nie.

Die huidige onstuimigheid op kampusse moet ons nie verbaas nie – om twee redes. Suid-Afrika is steeds 'n samelewing in oorgang; die nalatenskap van die verlede bly draal – die ongelykheid en armoede en werkloosheid. Tweedens is ons nou 21 jaar in ons demokrasie in, en ons vrygeborenes word nou mondig. Hulle is oud genoeg om vir hulself te dink, om die probleme rondom hulle raak te sien; en jonk genoeg om iets hieraan te wil doen.

Ons hoef ons egter nie te bekommer oor oproepe vir transformasie nie. Verandering is altyd moeilik – om die waarheid te sê, as dit ons nie ongemaklik maak nie, doen ons dit nie reg nie. Dit is hoekom universiteite belangrik is – hulle stimuleer kritiese denke.

Sedert ek my pos in April opgeneem het, bevorder ek 'n oop gesprek aan die US. Hierdie frase sluit aan by die denke van Johan Degenaar, een van Suid-Afrika se grootste filosowe, wat onlangs oorlede is. Hy was bekend as die "Sokrates van Stellenbosch" omdat hy die beginsel uitgeleef het dat die ondeurdagte, ongeëksamineerde lewe nie die moeite werd is om te leef nie.

Twee onlangse voorbeelde van hoe ons dinge probeer regstel, is die beëindiging van 'n dosent, wat 'n rassistiese SMS aan 'n student gestuur het, se diensverhouding met die US, en die verwydering van 'n HF Verwoerd-gedenkplaat uit een van ons geboue.

So, ek gaan nie die onregverdigbare verdedig nie, maar terselfdertyd gaan ek ook nie dit wat onaanvaarbaar is, duld nie – die ontwrigting van akademiese aktiwiteite, haatspraak, geweld, beskadiging van eiendom, uit welke oord ook al. Want hierdie dinge is ook verkeerd. Dit beteken egter nie enigiemand word geviktimiseer nie, en ek is beslis nie besig om protes te onderdruk nie. Studente moet krities wees – dit is die aard van die oop gesprek.

Die video maak geldige punte, maar dit is nie sonder gebreke nie. Dit is deels onakkuraat, want die Elsenburg Instituut vir Landbouopleiding is nie deel van die US nie, al akkrediteer ons een van hul kwalifikasies. Die video is ongebalanseerd, want daar word nie alkante toe geluister nie. En dit is onregverdig, want insidente wat weg van die kampus af in kroeë en klubs plaasvind, is nie onder die universiteit se beheer nie – hoewel ons alles moontlik moet doen om rassisme orals stop te sit.

Die kwessie van onderrigtaal kom ook in die video ter sprake. Ek het dit in my inhuldigingsrede baie duidelik gestel dat Stellenbosch lankal nie meer slegs een deel van die bevolking dien nie. Stellenbosch is nie 'n Afrikaanse of 'n Engelse of 'n isiXhosa-universiteit nie. Dit is 'n wêreldklas-veeltalige instelling, 'n nasionale en internasionale bate wat kennis tot diens van almal bevorder.

Navorsing toon dat veeltaligheid 'n mededingende voordeel in vandag se diverse en geïntegreerde samelewing verskaf. In November 2014 het ons universiteitsraad besluit om Engels en Afrikaans op gelyke voet te plaas as onderrigtale. Hierdie beleid word nou geïmplementeer. Baie modules word reeds ten volle in parallelle Engelse en Afrikaanse strome aangebied. Ander klasse is tweetalig, of daar vind intydse tolking plaas. Boonop is baie handboeke in Engels, en werkstukke, toetse en eksamens kan in Engels geskryf word.

Ja, daar is probleme met implementering – ons gee dit toe. Taakspanne is besig met ondersoeke, en daar is 'n ope uitnodiging aan almal om probleme aan te meld. Ons ondersoek tans voorstelle van die studenteraad, Open Stellenbosch en ander belangegroepe, en ons sal hieroor aan die kampus en die raad terugrapporteer.

Dit is egter 'n denkfout om die blote aanwesigheid van Afrikaans gelyk te stel aan rassisme. Parallelle word getrek tussen die US in 2015 en Soweto in 1976. Daar is 'n groot verskil. Destyds is Afrikaans as onderrigtaal op leerders in skole afgedwing as deel van apartheid, 'n stelsel van staatsdiskriminasie. Vandag het ons gelukkig 'n demokratiese Grondwet, met 'n handves van regte, wat die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid vaslê – iets wat ons heelhartig ondersteun.

Ek haal uit die Grondwet aan: "Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse". Een beperking hierop is dat dit "redelikerwys doenlik" moet wees, en dit is wat ons probeer regkry.

'n Ander beperking is die nodigheid om aan die kriteria van "toegang", "billikheid" en "regstelling" van die verlede te voldoen. Dit is deels hoekom ons ook Engels as 'n onderrigmedium gebruik, wat in ooreenstemming met ons verbintenis tot veeltaligheid is en ook ten doel het om ons studente toe te rus om as volwaardige lede van die globale kennisgemeenskap te funksioneer.

Taal is nie 'n maklike kwessie om te hanteer nie – inteendeel. En soos die Amerikaanse sosiale kommentator HL Mencken dit gestel het: "Vir elke komplekse probleem is daar 'n antwoord wat duidelik en eenvoudig is . . . en verkeerd." Daarom is dit dubbeld so belangrik om kognitiewe distorsies soos emosionele redenering, etikettering, veralgemening en beskuldigings te vermy.

Ons moet ons gemaksones agterlaat, grense oorsteek en onsself in ander se skoene plaas. Stellenbosch is besig om al hoe meer divers te raak. Ons het tans meer as 11 000 swart, bruin en Indiër-studente – bykans 38% van die studentepopulasie – wat meer is as die 31% van 2008; en teen 2020 mik ons vir 50%.

Diversiteit is 'n absolute voorvereiste vir uitnemendheid, want dit stel ons bloot aan 'n verskeidenheid van mense en idees, wat ons denke verbreed en ons verryk.

Daarom is dit nodig dat ons die Universiteit Stellenbosch selfs nog meer toeganklik, inklusief en verwelkomend teenoor almal maak. Ons is verbind tot dialoog, en verwelkom die geleentheid om met al ons studente en ander vennote en belanghebbers in gesprek te tree.

**■ Prof Wim de Villiers is die rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch. Hierdie artikel is gegrond op sy toespraak aan nuwe studenteleiers op 26 Augustus by 'n geleentheid in die Academia-koshuis.**

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*